# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -45/2024 –April 2024*

## Blokleiers.

**Daar is nou blokleiers gevind in alle areas en ook in die woonstelle. Daar sal binnekort reëlings getref word vir ‘n vergadering om beplanning te doen. Baie dank aan almal wat ingewillig het.**

### Huise

**Area A - 24 Petra v Wyk**
**Area B - 56 Annatjie v Zyl**
**Area C - 127 Fanie v Jaarsveld**
**Area D - 138 Marie Roos,**
**Area E - 228 David Ras**
**Area F - 293 Pieter Myburgh**




### Woonstelle

**BlokA1 - 2209 Magda Nel**
**BlokA2 - 1118 Johan Schoeman**
**BlokA3**
**BlokB - 3009 Poppie Pretorius**
**BlokC - 4309 Poppie Botha**
**BlokD – 5110 Elize Jacobsz**

## Kakkerlakke

Die kakkerlak probleem word die beste opgelos, nie deur hulle dood te maak nie, maar om hulle te laat vlug.
‘n Suurlemoen oplossing gereeld gespuit op alle vogtige warm plekke en langs die mure sal hulle weghou.
Die volgende by Google gekry


4. **Citrus** — Citrus won’t kill the roaches, but it will certainly put them off your home. The smell of lemon in particular repels cockroaches and can be used as a great deterrent. To take advantage, incorporate the smell of lemons into your cleaning routine.

You can use lemon-scented cleaning products, or combine lemon oil with water as you clean your floors. If you want to go even further, you can leave citrus peels around your home, although you will need to remember to replace these every few days.

## Health and Safety

Die oudit het plaasgevind op die 22ste April en resultaat was alle areas 100% slaagsyfer. Groot dank aan oordbestuurder, kombuis, sorgsentrum, tuin en skoonmaakdienste, sekuriteit vir almal se bydrae en harde werk in die verband.

---




---

## Kamera by yskas

Daar is af en toe regtig probleme dat mense ander mense se kos, na ure, uit die yskas in die eetsaal verwyder. Die kamera is heringestel om die nodige opnames te maak.

## KATTE

Daar is heelwat rondloper katte in ons oord, veral in die area om die kanaal. Moet hulle asseblief NIE VOER NIE. Hoe hongerder hulle is hoe makliker word hulle gevang en kan aan die DBV oorhandig word.

## Boorgatwater.

Daar sal binnekort begin word met die aanlê van pype met krane al langs die grensmuur van Roland park af tot die munisipale sypaadjie en ook langs die binnekant van die muur vanaf kiepersolpark (rolbalarea) tot by huis 38. Daar sal besproei kan word met die boorgatwater.

## Tafeltennis




Die tafel is hier en 'n paar oefeninge deur enkeles van ons het reeds plaasgevind. Daar is reeds belangstelling vanuit eenhede 203,131,1315,107,300,42

**Kontak vir Carel by 6131 indien u belangstel om deel te word van die tafeltennis spelers groep. Julle kan dan die tye reël en die groep se reëls bepaal.**

Die tafel, met toebehore, is aangekoop teen R 4500 deur die sosiale komitee. Dankie Susan v Zyl. Die inkomste word verkry uit die tafelfooie wat gehef word vir die markte. Aanvanklik is meeste van die inkomste aangewend vir tafels en Gazebo's. Daar was ook reeds oor die afgelope paar jaar verskeie items aan die kombuis en koffiewinkel geskenk . Daar is verdere verrassings in die pyplyn.

## Gratis tuindienste

**Ons wil graag, gesien die voorkoms van ons oord, en ons finansiële vermoë daartoe, die diens bly aanbied.**

**Die gratis diens met slegs een werker is duidelik nie voldoende nie.**

**Addisionele werker(s) is nodig om die diens effektief te kan maak.**

**'n Bepaling van en die grootte van die aanvraag vir die diens sal bepaal moet word.**

**Intussen sal die huidige diens met een werker van krag bly.**

**Ons sal so spoedig moontlik ons beplanning voltooi.**

### Die beplanning behels tans in breë trekke die volgende:

Tuindienste neem drie werkers in diens op die HEV se kostes.

Een vir area 1, Huise 108 tot 201 (ongeveer 100 Huise)

Een vir area 2 Huise 202 tot 302 en woonstelle. (ongeveer 100 huise, baie daarvan en woonstelle met kleiner tuine)

Een vir area 3 Huise 1 tot 107 en 303 en 304.(ongeveer 100 huise)

Elke area se mense wat die diens wil gebruik kom bymekaar en bepaal 'n program vir die werker. Verdeel die beskikbare ure pro rata tussen die met 'n klein tuintjie 'n halfuur? 'n Groot tuin 3 ure? Die wat nie belangstel neem nie deel nie, dis vrywillig. Lys word opgestel en daarvolgens gaan opgetree word.

Tydgleuf eenmaal gekies kan dan nie aanhoudend verander word nie. 'n Bepaalde werker sal aan 'n area toegeken word. Selfde werker altyd in dieselfde area.

Indien 'n werker siek is of 'n ander rede vir 'n dag af het, sal die betrokke persone/eenhede dit maar so moet aanvaar.

Onderling sou hier en daar met beide se instemming kleiner eenmalige wysigings aangebring kan word? Bepaal jul eie reëls.

Maar, en dis baie belangrik: geen daaglikse, weeklikse of maandelikse klagtes sal aan kantoor gerig word nie.

Die reëlings is vir die inwoners onder mekaar.

Elke area gebruik of sy blokleier of kies iemand om beheer te neem.

Moenie die persoon wat reëlings tref onnodig belas met beuselagtighede nie. Dit kan die hele proses verongeluk.

### Dis 'n gratis diens en dus sal daar geen administrasiekostes aangegaan word nie. Reëlings is onder mekaar in elke area.

Indien iemand nie tevrede is met die tyd wat aan hom of haar toegeken word, moet so iemand sy eie reëlings en/of betalings met 'n ander werker tref.

**Die diens is SLEGS vir tuinwerk!!!!!en sluit ook nie grassny in nie!!!!!**

Geen korrespondensie sal deur die Oordbestuur oor die diens gevoer word nie.

Ons vermoede/skatting is dat ongeveer 40% van huisbewoners die diens sal gebruik

Daar is 140 produktiewe ure per maand per werker beskikbaar en gedeel deur 40 eenhede. Inwoners gee dan 3.5 ure per eenheid per maand gemiddeld. Sommiges sal egter net 'n uur benodig, ander twee ure en nog ander 4 ure.

JB